JANUARIE / FEBRUARIE 2019

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

Geroep om te Dien

## GRAFFITIKUNSTENAAR VIR JESUS - Deel 1

Yasutaka Yoshida is in Desember 1985 gebore en het opgegroei in Osaka. Hy was die oudste van vier seuns.

"Ek onthou ek het skaars laerskool begin bywoon, toe ek op my bed op die boonste vloer van ons muwwe, verwaarloosde woonstel gelê en huil het," het Yasutaka gedeel. "My pa het ons verlaat en my moeder alleen gelos om vir ons kinders te sorg.

Vir sover ek kan onthou, het my ma ons elke Sondag kerk toe geneem. Ons het 'n kerk bygewoon wat erg wetties was. Ons is geleer dat ons op Sondae nie TV mag gekyk het nie, nie aan sport kon deelneem nie of na



Yasutaka Yoshida en Alex Verwey

McDonalds toe kon gaan nie. Ek het begin glo dat om 'n Christen te wees, moes jy meestal 'n klomp reëls nakom.

Toe ek 'n senior in die hoërskool was, was ek baie onseker oor wat ek in die toekoms gaan doen. My gesin was baie arm en ek het geweet as ek kollege toe wil gaan, ek geld van my moeder sou moes aanvaar. Ek wou nie langer kerk toe gaan nie en 'n lewe lei volgens my moeder se verwagtinge nie, derhalwe het ek besluit om die huis te verlaat en by die Japannese Selfverdedigingsmag aan te sluit.

Toe ek jonger was, het ek gebid dat my pa moes terugkeer huis toe, maar hy het nie. Dit het gemaak dat ek getwyfel het aan die bestaan van God. Ek het begin voel dit is sinneloos om te bly glo in iets wat onseker en onbetroubaar is, dus het ek 'n ateïs geword.

Eendag het ek met van my kollegas in die Selfverdedigingsmag gepraat oor dwelms. Een van hulle het 'n bietjie gehad. Ons het toe marijuana gerook en dit het 'n gereelde gewoonte geword.

Ek het uitgesien na die vakansies, want dan kon ek marijuana rook. Een somervakansie het 'n kollega my gebel en gesê: 'Yoshida, die kommandeur wil met jou praat. Ek weet jy is met vakansie, maar dit lyk asof hy wil hê jy moet terugkom.'

Toe ek by die garnisoen opdaag, het ek die kommandeur gaan sien. 'Luister Yoshida, ek gaan jou iets baie belangriks vra,' het hy gesê. 'Dwelms, het jy ooit marijuana gerook?'

Ek het 'ja' gesê. Die kommandeur het op my geskreeu en gesê: 'Gaan onmiddellik! Die Narkotikabeheerondersoeker is hier!' Nadat die ondersoeker alles geïnspekteer het, is ek ontslaan.

Ek was 19 jaar oud toe ek in afsonderlike opsluiting in die Osakatronk gegooi is. Ek is later verskuif na 'n baie klein kamertjie en ek was baie hartseer om die teleurstelling en trane in my ma se oë te sien.

Na 3 maande se eensame opsluiting is ek vrygelaat. Ek het besluit dat ek nie weer iets wil doen wat my ma sal laat huil nie, dus het ek probeer om 'n nuwe begin te maak. Ek was gedetermineerd om nie meer marijuana te rook nie en het van toe af 'n goeie lewe gelei.

Eendag het ek gesit en teken in my notaboekie terwyl ek in die trein gery het, toe 'n graffitikunstenaar met my begin praat het. Hy het my sy notaboek gewys en ek was regtig beïndruk. Ons het tekenvriende geword en hy het my van sy graffititekeninge gewys. Hy het spuitverf en merkers gebruik as teken dwarsdeur die dorp. Hy was redelik intens. Hy het selfs op die kant van die trein geteken. Ek het gewonder hoe hy dit reggekry het!

Ek het gedink ek gaan dit ook probeer, sodat die wêreld my skilderdoek kan word. Ek het begin by papier en toe dorpsmure. Ek wou 'n plek hê waar ek kon behoort. Ek het nie 'n pa gehad nie en my moeder was besig om te werk.

Daar was 'n deel van my wat leeg was, en ek wou baie graag hê mense moet my respekteer. Hoe meer ek geteken het, hoe meer mense het ek ontmoet. Wanneer ek woorde op die muur geteken het, het die meisies geskreeu, 'Sjoe, dit is so oulik!'

Natuurlik was dit misdaad, en ek kon gearresteer word as ek graffiti geteken het terwyl dit lig is, dus het ek in die nag uitgegaan en was ek altyd op die uitkyk vir die polisie. Voor ek my kon kry, het ek in die dag geslaap en was die hele nag op.



Yasutaka teken graffiti

Die belofte wat ek vir myself gemaak het om nooit weer my ma trane te besorg nie, het vinnig verdwyn. Ek het vriende geword met meer graffitikunstenaars en het begin om saam met hulle te teken. Ons het selfs in plekke waar daar sekuriteitskameras was, geteken en onsself op die nuus sien verskyn! Ons het die Osakapolisie vir 'n rukkie ontduik, maar is mettertyd gearresteer.

Die eerste ding wat my ma vir my gestuur het terwyl ek in die tronk was, was 'n Bybel. Ek het twee maande geweier om dit te lees, maar ek het so verveeld en gefrustreerd geraak dat ek dit begin lees het. Die Here het met my hart gepraat terwyl ek Romeine 6:23 gelees het – ***Want die loon van die sonde is die dood.*** Ek het geweet as ek toe sou doodgaan, ek hel toe sou gaan.

Ek is soms toegelaat om na die ontspanningskamer te gaan, waar daar 'n klein venstertjie was waardeur die son geskyn het. In daardie kamer is ons toegelaat om twee sigarette per dag te rook. Eendag het ek gesit en kyk hoe die rook van die sigarette by die klein venstertjie uitwaai.

Die figuurtjies van die rook en die stofdeeltjies was duidelik sigbaar in die helder sonlig. 'Hierdie ontspanningskamer is smerig' het ek gedink. Net toe was dit asof God besig was om vir my te wys hoe vuil die

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faxks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 31/10/2018, 3/11, 7/11, 8/11, 16/11, 20/11, 21/11, 30/11, 3/12, 6/12, 18/12, 20/12, 21/12, 31/12.**

**ABSA BANK:- 1/11, 2/11 NLM drukkers, 5/11 Woodlands, 6/11 Somerset-Wes, 7/11 Bela-bela, 9/11, 12/11, 16/11, 18/11, 22/11, 23/11 Kleinmond, 26/11, 28/11, 28/11 Bybels, 1/12, 2/12 NLM drukkers, 3/12, 4/12, 8/12, 10/12 Potchefstroom, 14/12, 18/12, 24/12, 26/12, 28/12/2018 Bybels.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***



***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***


binnekant van my hart was. Alhoewel ek omring was deur 'n klomp mense, het ek gevoel ek was alleen op 'n groot verhoog. Die sonlig het op my geskyn – die man wat so 'n selfsugtige lewe gelei het!

Dit was asof elke ding wat ek gedoen het, teruggespeel het na my toe in 'n swart en wit film, en al wat ek gesien het was ontelbare stofdeeltjies en sonde. Ek het my sonde in die gesig gestaar. Ek het gesnak na asem en gemompel 'God, as U daar is, red my asseblief!'

Ek het toe die woorde onthou wat my moeder vir my as 'n kind gesê het. 'Yasu, lees asseblief die Bybel. Alles wat daarin geskrywe staan, is waar.' Ek het na my sel toe teruggegaan, die Bybel in my hand geneem en die hele boek gelees op soek na antwoorde.

Ek is getref deur hierdie woorde: ***As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: 'Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie'*** (Romeine 10:9-11, NAV).

Ek het besef dat ek dit hardop moet sê, dus het ek gesê: 'Goed, ek sal dit sê! Jesus, ek is jammer. Vergewe my asseblief vir alles wat ek gedoen het. Ek glo in Jesus Christus.' Die Here het my gehelp om my sonde te sien en ek het Hom gevra om my te vergewe.

Ek het 'n onbeskryflike gevoel van vrede ervaar en vreugde het in my ontspring. Vir die eerste keer was ek vry van skuld en van daardie nag af kon ek uiteindelik goed slaap.

God het vir my gewys dat die genade van redding so ongelooflik groot is. Ek het niks gedoen om dit te verdien nie, maar God het my gered!"

**Lees in die volgende uitgawe hoe Yasutaka 'n predikant geword het, en hoedat hy nou sy graffiti-aanleg gebruik om jongmense te bereik vir die Here!**

## *KAFEEBEDIENING*
### *- CAYA Café*

Wanneer ons uitreik na die Japannese mense, begin ons met iets waarin hulle belang stel. By sommige is daar 'n gevoel van samesyn. Elke week op Saterdagmiddae kom sowat 40 besoekers van die gemeenskap by Japansending bymekaar vir pret en geselskap oor 'n koppie koffie of tee.

Die doel van CAYA Café is om 'n plek te skep waar werkers God se liefde kan deel en 'n band kan vorm met die gemeenskap. CAYA staan vir 'Kom Soos Jy is'. In die Japannese gemeenskap is daar min plekke waar mense aanvaar word 'net soos hulle is', maar dis wat die genade van God vir ons doen. Dit omhels ons 'net soos ons is.'

Een gesin het gehoor van CAYA Café deur hulle kinders wat dieselfde kleuterskool bywoon as Alex se kinders. Hulle het na verskeie CAYA Café geleenthede gekom, insluitend ons Engelse kamp. Hulle het geïnteresseerd begin raak in Christelikheid, dus het ons hulle bekend gestel aan die plaaslike kerk. Dit is wonderlik om te sien hoe die gesin die kerk elke week bywoon en vriende gemaak het met Christengesinne!

## *HULP AAN SOEKERS NA PLAASLIKE KERKE*



*Ds. Yasutaka Yoshida*

Japansending stig nie kerke nie. Ons reik uit na die verlorenes en stel hulle bekend aan plaaslike kerke. Dit is hoekom ons dikwels saamwerk met predikante in die area.

Ds Yoshida is een so 'n vennoot, wat gereeld CAYA Café en die Kinderklub bywoon. Baie van die kinders en ouers het vriende met hom gemaak en party het begin om sy kerk by te woon.

Yasutaka Yoshida is die predikant van Hope Chapel. Hy gebruik soms graffiti om die boodskap van God se liefde aan mense oor te dra. Hy het onlangs sy kleurvolle kunswerk met 'n Christelike boodskap op 'n groot skilderdoek gedemonstreer by ons Engelse kamp, waar hy ook sy getuienis gedeel het met baie wat nog nooit die evangelie gehoor het nie.

**Bid asseblief** dat baie bereik sal word en die Here sal leer ken deur hierdie bedienings.

***Indien u nie 'n Japansendingkalender vir 2019 ontvang het nie, of nog daarvan benodig, kontak asseblief ons kantoor in Pretoria en dit sal met graagte aan u gestuur word.***